UNIVERSITEIT VAN STELLENBOSCH,
11 JUN 1963
UNIVERSITY OF STELLENBOSCH
UNIVERSITY LIBRARY

**I.M.S.**
Vol. 1, No. 41

**MUNISIPALITEIT**

**STELLENBOSCH**

19 April 1963.

**MNR. RAYMOND HENNIKER-HEATON**

Met leedwese het ons verneem van die heengaan van mnr. Henniker-Heaton in die Valsbaai-Hospitaal in Simonstad waar hy onlangs 'n operasie ondergaan het.

Ons sal hom onthou as die eerste en enige Direkteur van die destydse Phillimore Ives Gedenkmuseum waar hy sy werk met liefde en groot toewyding verrig het. Hy was 'n fyn kenner van die skone kunste en het, voordat hy na Suid-Afrika gekom het, groot bekendheid in die V.S.A. sowel as op die vasteland van Europa verwerf as Direkteur van verskillende bekende museums.

Namens die Stadsraad en die gemeenskap van Stellenbosch betuig ek hiermee my meegevoel met sy familiebetrekkinge en sy talryke vriende wat hom hier in ons dorp nog lank sal onthou.

**DIE WATER EN DIE WEER**

Die Boland ondervind vanjaar een van sy droogste somers en baie lede van die publiek wonder seker hoe dit met ons watervoorraad gesteld is. Gelukkig kan ek hier meld dat die posisie heeltemal bevredigend is, en dat die waterhoogte in die Idasvalleidam tans 43 vt. is vergeleke met 73 aan die begin van die somer. Dit verbaas baie van ons om nog water in die Eersterivier te sien, maar daar moet onthou word dat reënbuie gereeld hoog op in die Jonkershoekvallei uitsak, terwyl ons hieronder niks kry nie.

**DIE BRUG OOR DIE SPOOR BY DU TOITVILLE**

Daar is onlangs gerapporteer dat die beplanning van die spoorwegbrug by Du Toitstasie nou voltooi is en dat ons wag op die aanvang van die werk self. Ek is bly om te kan meld dat booraktiwiteite tans daar aan die gang is om die geaardheid van die grond in die omgewing te bepaal, voordat met die fondamente self begin word.

**DIE MUNISIPALE KONGRES**

Hierdie jaar se kongres van die Kaaplandse Munisipale Vereniging word op Kimberley vanaf 22 tot 26 April 1963 gehou onder die voorsitterskap van mnr. Boet Erasmus van Port Elizabeth. Die Burgemeester, mnr. Liebenberg, en die Stadsklerk, mnr. Smith, het reeds vertrek terwyl Raadslid C. L. de Jongh en die ondergetekende oor die naweek afreis. In die afwesigheid van die Burgemeester en Onder-Burgemeester sal prof. J. C. de Wet as waarnemende Burgemeester optree.

W. C. DEMPSEY,
Waarn. Burgemeester.

## THE INTER-TOWN ROAD SAFETY COMPETITION

The Traffic Department is carefully observing what is going on on our roads especially where new arrangements are being put to the test. The results so far appear to be satisfactory. Towards the end of the month the latest statistics will be available.

The inclination of school children on bicycles to ride abreast causes quite a lot of concern especially when heavy buses are on the roads. Possibly the danger of this practice could be brought home by teachers and parents. Resignations from the staff make general supervision more difficult as some of the traffic officers have to do point duty.

There are reports of accidents and calamity narrowly averted and unfortunately also of injuries to domestic animals to whom the owners are greatly attached. The conclusions are obvious.

Observation reveals that an important cause of traffic congestion is the mistaken idea that drivers can stand their cars on loading zones whilst one of their passengers is doing shopping — just as it is a mistaken idea that loading zones are reserved for any individual's car or truck. Whenever a heavy vehicles arrives and finds a loading zone occupied, a most undesirable "milling" process is started round the blocks.

To avoid all this the large parking area in Andringa Street has been provided and it would assist greatly the public that has shopping to do or business to transact would park there.

Whenever the opportunity offers, talks are arranged on roadsafety and rules of the road and on those essentials: courtesy and consideration as opposed to impatience and rudeness. The Ida's Valley community displays great interest in these matters and scholar patrols in Banhoek Road have been complimented on their good work.

## NOORDWAL

A further important section of Noordwal is taking shape, namely that between the present road to Somerset West and the property of the K.W.V. near Adam Tas Street. It passes the properties of Mr. J. G. Canaris and of Messrs. Rembrandt Tabakkorporasie (S.A.) Bpk. When Mr. Canaris acquired the the property from the Estate of the late Mr. W. G. Krige, he already made provision for the future road on the river bank whereas Rembrandt bought the remainder. Matters were brought to finality by the progress made with the laying of main sewers which included the important one to the Dalsig area. This sewer runs along the northern bank of the Eerste River and then switches over to the south of the river where Blersch Street, the future Main Road to Somerset West, will be constructed. This will open up all the plots of Dalsig which could not be served by the sewerage system previously.

The co-operation and courtesy extended by the management of Rembrandt in solving an important engineering and town planning problem is appreciated very much indeed.

**THE MILL**

The day of the demolition of the Mill is drawing nearer and with it the question of what is to become of the Mill wheel, a matter which needs very careful thought. Fortunately there is a very fine spirit of co-operation between Messrs. O.K. Bazaars, Mr. Flockeman of Messrs. Santhagens (Pty) Limited and the Council.

**BIRD STREET**

The Council has been informed that the proclamation of the road reserve in Bird Street will probably appear in the Provincial Gazette on Friday, 26th April, 1963. This proclamation will enable the Council to establish building lines and obviate a great deal of hardship to owners of properties who wish to build and who were subject to delays owing to the uncertainty of the whole situation which existed hitherto.

**DISPOSAL OF WINERY EFFLUENT**

The disposal of winery effluent is still a very difficult problem. For years, on the suggestion of Dr. Rapson of the Institute of Scientific Research, the Council co-operated to the full with the wine industry and trade to establish experimental plants, first on a laboratory scale, then on larger scales until a full scale plant was built at Paarl.

Pipes were laid to convey the waste from the distilleries to a place for disposal outside the town.

In spite of sustained research, snags still present themselves and the problem cannot be said to be finally solved, the idea being to treat winery effluent so far that it can be taken into the main outfall works.

In Stellenbosch complaints as to odours are sometimes received and everything possible is being done to obviate inconvenience. A great deal of success has been achieved with the free use of saw dust, and whilst this commodity was available in almost unlimited quantities there appears at present to be a shortage which puts the Council face to face with a new difficulty.

It is surprising to learn that approximately 45,000 gallons have to be disposed of daily during the distilling season.

J. C. DE WET,
Acting Mayor.

---

3 Mei 1963.

**MUNISIPALE KONGRES**

Sy Edele die Administrateur het die Kongres wat te Kimberley gehou is op 22 April 1963 geopen. Sy openingsrede het hoofsaaklik betrekking gehad op die vernaamste provinsiale wetgewing oor die afgelope jaar, onder andere die Ordonnansie in verband met die daarstelling van adviesrade en plaaslike besture vir geproklameerde Kleurlinggebiede. Ek hoop om van die menigte onderwerpe wat bespreek is by latere geleenthede een of ander te sê.

Dit is vir my besonder aangenaam om te verwys na die verkiesing van die Onder-Burgemeester, rdsl. W. C. Dempsey,

as die President van die Vereniging van Kaaplandse Munisipaliteite. Hierdie buitengewone onderskeiding wat hom te beurt geval het en wat aan hom die hoogste amp in die munisipale lewe van ons Provinsie — gesien uit die oogpunt van Stadsrade — toevertrou, is 'n eer vir hom en ook vir Stellenbosch as 'n geheel. Stellenbosch het nooit in gebreke gebly om sy volle deel by te dra tot die bestaan van die Munisipale Vereniging nie en daar is op die jongste vergadering spesiaal melding gemaak van die belangrike rol wat Stellenbosch in verband met die stigting van die Vereniging gespeel het en by die geleentheid is veral die naam van wyle mnr. Paul D. Cluver genoem. Graag wil ek van die geleentheid gebruik maak om my dank uit te spreek teenoor die Onder-Burgemeester en rdsl. dr. J. C. de Wet vir die bekwame wyse waarop hulle gedurende my afwesigheid as my plaasvervangers opgetree het.

**RAADSVERGADERINGS IN MEI EN JUNIE 1963**

Omdat dit vir die publiek ook van belang mag wees in verband met die voorlegging van allerlei sake aan die Raad, wil ek meld dat die twee Raadsvergaderings in Mei en Junie verander is na 14 en 28 Mei en 11 en 25 Junie, met ander woorde die genoemde vergaderings sal 'n week later plaasvind as wat oorspronklik in die begin van die jaar beplan was.

**AANHOU VAN BYE**

Ek is gevra om in die rubriek die aandag van die publiek daarop te vestig dat die regulasies dit verbied dat bye in die dorpsgebied aangehou word sonder voorafgaande goedkeuring van die Stadsraad.

**DIE RAAD EN DIE K.W.V.**

Die Raad ag dit in belang van die belastingbetalers wenslik dat hy 'n kwota vir wingerde wat op die dorpsgronde bestaan, toegeken word. Vir die rede is besluit om aan die vereiste te voldoen dat hy 'n lid van die K.W.V. word.

**VERKEER**

Daar is besorgdheid uitgespreek oor die verkeerstoestand by die aansluiting van Beyersstraat by Birdstraat. Daar is dan ook besluit om oor 'n tydperk van 6 maande 'n toets te maak met nuwe verkeersreëlings, veral met die oog daarop om die gevaarlike regsdraai direk uit Beyersstraat uit te skakel. Daar sal dus binnekort voorrangtekens geplaas word en die publiek word beleefd gevra om hul medewerking te verleen.

**STRAATKONSTRUKSIE IN IDASVALLEI**

Die Raad het besluit om 'n bedrag wat beskikbaar is vir straatverbeterings te bestee aan die lê van randstene in die genoemde gebied.

**GESONDHEIDSDIENSTE**

Die aandag van die publiek word weer eens bepaal by die voorsiening wat gemaak is vir reëlings wat bestaan vir die beveiliging van die samelewing teen gevreesde siektes soos polio en witseerkeel. 'n Volledige opsomming van hierdie dienste, wat gratis verskaf word, hoop ek om by die volgende rubriek in te sluit. Intussen word die publiek aangeraai om met die Gesondheidsdepartement in verbinding te tree.

**NUWE SLAGPALE**

Die Raad is bekommerd oor die oponthoud wat met die bou van die nuwe slagpale ondervind word. Hy wil net die versekering gee dat die Stadsraad alles in sy vermoë doen om die saak te bespoedig. Die Raad ondervind moeilikheid in verband met die verkryging van die nodige goedkeuring van die Vleisraad.

---

10th May, 1963.

**NATIONAL MONUMENTS:**

Prominence has been given in the press to the proposed proclamation of the Rhenish Church on the Braak and a clock which is in the possession of the Rector of the University, Dr. H. B. Thom, as national monuments. I have read Prof. Kotzé's articles with the greatest interest and pleasure and I would like to congratulate our team of enthusiasts on what they are bringing to light and on the contribution they are making to sustain interest in the preservation of our heritage. The proclamation will bring the number of national monuments at Stellenbosch up to eleven and I understand that as far as numbers of national monuments are concerned, Stellenbosch has the second highest.

**IMMUNISATION**

It is almost beyond my comprehension that full use is not made of the services which are offered free of charge and that evidently so many find it too much trouble to take children to the places where treatment is administered. The result of this negligence and indifference may be disastrous and be visited on the helpless children. It is difficult not to become angry.

I repeat that it is absolutely essential for parents to make sure that the children are immunised against those infectious diseases for which the immunisation facilities are provided. A special note of warning must be sounded in regard to the great danger to which those children are exposed who have not been immunised against poliomyelitis. I am referring particularly to all babies over the age of three months. With the recent mass immunisation against this disease, so I am told, the natural resistance of children has

been reduced to a large extent, so that a child who is in danger of infection could possibly contract the disease in its worst form.

I repeat also that clinics where oral vaccine is provided are held at the Town Hall on the Andringa Street side every Thursday and Friday afternoon from 3 p.m. to 4.30 p.m. for the convenience of the entire local population. The oral vaccine must be taken three times at intervals of six weeks.

Arrangements are made to give school-going children three injections of a combined vaccine which immunises them against diptheria, tetanus and whooping cough. In this case also, three injections are administered at the corrent intervals.

In addition to this service, and in order to protect the pre-school children, there is a clinic every Tuesday morning at 10.30 at Sister Grosskopf's offices at the Town Hall and, so I am informed, arrangements are made at the Idas Valley Health Centre.

The mass X-ray machine of the Department of Health will be visiting Stellenbosch during July of this year. The public will be advised of the actual dates and it is advisable to make a special effort to have all domestic servants X-rayed in their own interest and in that of the people with whom they are in contact.

**A HUNDRED YEARS AGO**

I give the following extract from the Minutes of a meeting which took place on the 16th June, 1863:

> "Received a letter from Mrs. Robinson complaining of the nuisance which she suffered from time to time from her next door neighbour in conseqeunce of the offensive odour arising from his pigs, and requesting the interference of the Municipal Commissioners to remove the same.
>
> Resolved that Messrs. Van der Byl and Bosman be empowered to inspect the premises and report thereon at the next meeting."

On the cover of the Minute Book which contains the above, there appears the following inventory of the moveable assets of the "City" Council under the title of the "Gereedschappen van de Municipaliteit der Stad Stellenbosch":

"17 Graven
8 Kielhouwers
8 Kalkbalies
4 Formeelen
2 Burries
4 Bijlen
3 Waterschoppen
2 Koevoeten
2 Kruiwagens
1 Touw
1 Lijn
1 Hamer
1 Stamper
1 Lantaren
1 Saag
1 Hark
1 Vat Cement
1 Vat Teer
1 Tin Olij."

## PROPOSAL TO ESTABLISH A PERMANENT MAGISTRATE'S OFFICE AT KUILS RIVER

Attention is drawn to the meeting of interested parties in the Van Riebeeck Hall at Kuils River on Thursday, the 16th May, at 9.30 a.m., when the desirability of establishing such an office will be discussed.

---

17 Mei 1963:

## STADSBEPLANNING

Oor hierdie onderwerp sal ons seker nie uitgepraat raak nie. Met die geweldige ontwikkeling in stedelike gebiede wat op die oorlogsjare gevolg het, het dit noodsaaklik geword om stelselmatige beplanning toe te pas, hoofsaaklik in die vorm van die afbakening van gebruiksregte vir bepaalde gebiede. Teen die algemene beginsel kan niemand beswaar maak nie, maar wanneer dit kom by die toepassing van so 'n skema in die ouer gemeenskappe soos Stellenbosch, ontstaan daar telkens ernstige probleme wat nie so maklik opgelos kan word nie.

Ons neem byvoorbeeld die geval van Dorpstraat en ander dele van ou Stellenbosch. Aanvanklik is eiendomme deurmekaar gebruik vir alle moontlike doeleindes, vermoedelik sonder dat dit ongerief vir die gemeenskap meegebring het. Toe daar egter vroeg in die vyftigerjare daartoe oorgegaan is om 'n stadsbeplanningskema op te stel, en wel met behulp van deskundige advies, is daar gepoog om bepaalde gebiede vir bepaalde doeleindes af te sonder. Die gedagte synde dat ontwikkeling gekanaliseer behoort te word. So het dit dan ook gekom dat 'n aansienlike deel van die ou dorp besigheids- en woonstelregte gekry het. Op die ingekleurde kaart wat die verskillende gebruiksgebiede aandui, lyk so 'n skema nogal logies en moontlik aantreklik, maar waar dit ons vooropgestelde doel is om die eienskappe en atmosfeer van ou Stellenbosch sover moontlik te bewaar, bring die vermelde toekenning van bepaalde gebruiksregte onmiddellik die gevaar mee dat ons juis daardie eienskappe en atmosfeer gaan vernietig.

Basies is die probleem ekonomies van aard. Die eienaar van 'n perseel kom te staan voor die vraag van hoe hy sy eiendom op die voordeligste wyse kan benut. Waar hy besigheidsregte het, is dit vanselfsprekend dat hy daarvan gebruik sal wil maak, en niemand kan hom dit kwalik neem nie. Feit is egter dat talle van die ouer geboue wat ons juis wil bewaar, nie dienlik vir sulke sake-ondernemings is nie. Die eerste tendens is dan om die ou geboue te sloop om plek vir nuwes te maak. As ons nie hierdie tendens kan teenwerk nie, dan moet ons bereid wees om ou Stellenbosch maar prys te gee.

In die verlede het die Raad telkens uit sy pad gegaan om eienaars te help met die verkryging van gebruiksregte wat afwyk van die opgestelde ontwikkelingsplan, en wel met die doel om ou geboue bewaar te kry, en die vraag het al by my ontstaan of die Stadsraad, en ook die gemeenskap van Stellenbosch, nie liefs die beleid moet aanvaar dat daar vir die ou gedeelte van Stellenbosch geen bepaalde gebruiksregte toegeken moet word nie. Dit sou dan meebring dat elke skema vir die ontwikkeling van 'n eiendom afsonderlik en na verdienste oorweeg moet word. Waar 'n eienaar dan kom met die voorstel dat ou geboue gesloop word, sou die Stadsraad dan in die posisie wees om bepaalde vereistes te stel in verband met die daarstelling van nuwe geboue. Op die oomblik kan ons dit nie doen nie. Solank 'n eienaar aan die tegniese vereistes van die bouregulasies voldoen kan die Stadsraad hoegenaamd nie inmeng nie en dit is juis hier waar die gevaar skuil. Ek wil meteens daarby voeg dat so 'n skema nie bedoel is om die eienaar te benadeel nie. Inteendeel, dit kan wees dat die Raad beter by magte sou wees om hom met die winsgewende eksploitasie van sy eiendom te help, maar dan op 'n wyse wat sou verseker dat ons Stellenbosch in sy geskiedkundige vorm vir die nageslag bewaar. Ek sou graag verneem wat die reaksie van die publiek hierop is. Soos ek reeds opgemerk het, word die probleem elke dag meer aktueel, en as ons iets moet doen, dan sal dit baie gou moet geskied.

**BRANDWEERDIENSTE**

Die Raad het onlangs besluit om deskundige advies in te win oor die organisering van 'n behoorlike diens vir die dorp, en hopelik sal ons in staat wees om groot verbeteringe in die toekoms aan te bring. Uit die aard van die saak sal dit heelwat uitgawe meebring, maar daarteenoor sal die algemene publiek onmiddellik die voordeel kan trek in die vorm van laer versekeringstariewe vir sover dit geboue betref. Inderdaad is ek seker daarvan dat die besparing van die publiek heelwat groter sal wees as die regstreekse uitgawe vir die Munisipaliteit. Ons kan dankbaar wees dat die brandweerorganisasie oor soveel jare nog op 'n deeltydse grondslag so 'n bevredigende diens gelewer het, maar die ontwikkelde gebied brei vinnig uit en die tyd het aangebreek dat ons beter voorsiening vir die toekoms moet maak. Waarskynlik sal die reorganisasie oor 'n aantal jare versprei moet word, maar ek glo dat ons op die steun van die publiek sal kan reken om so 'n skema deur te voer.

S. W. J. LIEBENBERG,



PRO EC. 5/63—5184